Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2023

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

WETSTOEPASSERS TEN VOLLE TOEGERUS OM "MISDADIGHEID EN VIESLIKHEID" STOP TE SIT

Ter voorbereiding vir die implementering van die operasionele plan vir 'n *Veiliger Feesseisoen* het onderburgemeester Lindile Ntsabo (in sy hoedanigheid as die burgemeesterskomiteelid verantwoordelik vir beskermingsdienste) vroeg in Desember 'n werksessie in Hermanus aangebied om te verseker dat almal wat by veiligheid en sekuriteit betrokke is, ten volle toegerus is om hul pligte getrou volgens wet na te kom.

Die werksessie is bygewoon deur wetstoepassingsamptenare, verkeersbeamptes en veiligheidsmonitors en het gefokus op die vertolking van die tersaaklike verordeninge sowel as op hoe inspeksies uitgevoer moet word en hoe om met die publiek in die algemeen te handel.

"Met die hulp van ander belanghebbers soos die SAPD, buurtwagte en sekuriteitsmaatskappye is ons van voorneme om 'n hoë vlak van sigbaarheid te handhaaf deur, onder andere, gereelde patrollies langs paaie en by gesogte toerisme-aantreklikhede te onderneem," het rdl. Ntsabo te kenne gegee.

"Ons boodskap vir hierdie seisoen is heel eenvoudig: Om na die welstand en veiligheid van ons inwoners en besoekers om te sien, is vir ons 'n saak van erns en ons sal alles binne ons vermoë doen om misdadigheid en vieslikheid te verhoed," het hy bygevoeg.

'N VEILIGER FEESSEISOEN?

Ten tyde van die bekendstelling van die gesamentlike operasionele plan vir 'n Veiliger Feesseisoen vroeg in Desember 2022 het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, 'n beroep op alle wetstoepassers gedoen om beslis te handel maar deurentyd ook alle wette te eerbiedig. Sy het ook van dié geleentheid gebruik gemaak om aan te kondig dat 'n mobiele polisiestasie voortaan in en rondom Zwelihle ontplooi gaan word – 'n welkome toevoeging wat grotendeels sal help om die lewens en lewensmiddele van omliggende gemeenskappe te beskerm.

Teen druktyd was finale statistiek vir die 2022/2023-feesseisoen rakende misdaad, verkeersoortredings en ander ernstige insidente nog nie beskikbaar nie.

Desnieteenstaande is majoor-generaal Mochologi [SAPD-distrikskommissaris], dr. Annelie Rabie [Uitvoerende Burgemeester] en Dean O'Neill [munisipale bestuurder] van mening dat sigbare polisiëring tog die gewenste effek gehad het.

Gesamentlike operasies om 'n Veiliger Feesseisoen te verseker, is amptelik op Vrydag, 2 Desember 2022 van stapel gestuur en alle aanduidings is dat die betrokke partye tot dusver meer as tevrede is met die resultate.

"Ons het misdadigers duidelik laat verstaan dat hulle nie in ons dorpe welkom is nie en 'n beroep op alle inwoners en besoekers gedoen om waaksaam te bly en om enige teken van kriminele aktiwiteite onmiddellik te rapporteer.

"Danksy die reusepoging wat die SAPD en ons wetstoepassers en verkeersbeamptes aangewend het om die veiligheid te verseker van almal wat hier woon of Overstrand besoek het, glo ek dat ons gesamentlike operasionele plan die gewenste uitkomste gaan hê.

"Soos altyd sal ons voortbou op die lesse wat ons geleer het en sal gesamentlik seker maak dat almal wat kies om hulle in die Overstrand te vestig, veilig en behoue bly," het Burgemeester Rabie gesê.

Sodra geverifieer sal statistiek rakende die 2022/2023-plan vir 'n veiliger feesseisoen via die munisipaliteit se amptelike kanale gerapporteer word.

SÓ WORD KLEIN ONDERNEMINGS TOEGERUS

60 ENTREPRENEURS NOU VUUR EN VLAM

'n Paar maande gelede is entrepreneurs vanuit voorheen benadeelde groepe genooi om aansoek te doen om toelating tot die program Finansiële Geletterdheid en Mikro-ondernemings (in Engels Financial Literacy and Micro-enterprise Programme).

Hierdie program (afgekort as FLAME) is die produk van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA) en word oral in die land in vennootskap met plaaslike belanghebbers aangebied.

In die geval van Overstrand sluit daardie belanghebbers Munisipaliteit Overstrand se departement van plaaslike ekonomiese ontwikkeling, die Grootbosstigting, Kamva Capital en die Wes-Kaapse departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme in.

Met finansiële geletterdheid as sy middelpunt is FLAME 'n meerfasige program wat ten doel het om sake-eienaars toe te rus met die praktiese en relevante inligting en vaardighede wat hulle nodig het om hul ondernemings te bestuur en te laat gedy.

Uit die ± 130 aansoeke wat ontvang is, is sestig entrepreneurs in totaal tot Fase 1 van die program toegelaat wat uit agt moordende weke van intensiewe werksessies en opleiding bestaan het.

Die doel met hierdie fase is nie net om kennis oor te dra nie, maar ook om begunstigdes se vermoë om die program se inhoud (bv. persoonlike finansiële geletterdheid, doelwitstelling, entrepreneurskap, ideevorming en modellering vir sakeondernemings, kosteberekening en begroting) hul eie te maak, te evalueer.

VUUR EN VLAM: *Die Overstrand-entrepreneurs wat die eerste fase van die FLAME-program voltooi het*

Hierdie fase van die program het op Woensdag, 7 Desember 2022 ten einde geloop en is afgerond met 'n spesiale plegtigheid by die veeldoelsentrum in Hermanus se Nuwe Hawe waartydens 'n sertifikaat van voltooiing aan die 60 deelnemers oorhandig is.

Van die sestig sal slegs die helfte na Fase 2 en 3 aanbeweeg.

In totaal strek die kurrikulum oor 15 maande en behels gereelde besoeke aan die entrepreneurs se persele om te bepaal hoe goed hulle vaar met die toepassing van dit wat hulle geleer het in die praktyk.

Hierdie "mentorskapsessies" sluit ook besprekings in oor die bemarkingsmoontlikhede wat digitale en sosiale media bied en waarom dit belangrik is om versekering uit te neem en vir mens se aftrede te spaar.

VERSIGTIG! VERMINDER SPOED! DIERTJIES IN DIE PAD!

Dis heerlik om familie, vriende en besoekers in die Overstrand te verwelkom, maar ons moet waarsku dat spoedperke op ons residensiële paaie ten alle tye eerbiedig moet word.

Om die waarheid te sê, die beste raad is om heelwat stadiger as die spoedperk te ry omdat geeneen van ons by 'n tref-en-trap-ongeluk met 'n geliefde troeteldier – om nie eens van 'n skilpaadjie of 'n geliefde geveerde vriend – betrokke wil wees nie bloot omdat hulle hul tyd vat om die pad oor te steek en nog nooit geleer het om eers regs, dan links en dan weer regs te kyk nie.

Ja, die konsep "voetganger" in hierdie deel van die wêreld is effe meer omvattend en, as 'n gemeenskap, doen ons ons bes om te verseker dat nie 'n enkele "voetganger" onder 'n voertuig se wiele beland bloot omdat die bestuurder haastig êrens heen op pad is nie.

Slaan asseblief ag op waarskuwingstekens en maak seker dat jy jou spoed dienooreenkomstig aanpas.

Die bietjie geduld wat jy beoefen sodat 'n trae skillie die pad kan oorsteek, 'n gansie haar broedsel veilig op die oorkantste sypaadjie kan besorg, 'n bobbejaan kan weghol en Wollie weer veilig met sy gesin herenig kan word, sal jou geen skade berokken nie. Die teenoorgestelde geld egter nie vir die "slagoffers" nie.

Samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel!

BLOU VLAE TROTS ONTPLOOI

Wat kan nou lekkerder wees as om 'n toontjie in die sand te druk sommer so reg aan die begin van die somervakansie?

En dit is presies wat verskeie hooggeplaastes gedoen het toe hulle daar was om te kyk hoe die eerste van vyf Bloue Vlae wat vir die duur van die seisoen in Overstrand gaan wapper, ontplooi word.

Te oordeel na hul drag, was die weer op 2 Desember 2022 maar effe trietsig maar, soos rdl. Ronald Nutt (burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste) grappenderwys opgemerk het: "Al speel die weer nie altyd saam nie, beskik ons nou darem oor internasionale bevestiging dat alle ander dinge, insluitende watergehalte, van die hoogste standaard is.

"Dit laat my hart warm klop om te weet dat mense dwarsoor die wêreld erkenning verleen vir die moeite wat almal vandag hier teenwoordig doen om te sorg dat die integriteit van ons kus-ekosisteme behoue bly en dat toekomstige geslagte toegerus is om hierdie nalatenskap se voortbestaan te verseker.

"Daarvoor is ons ewige dank aan alle betrokkenes verskuldig: Welgedaan!"

Vanjaar het Castle Beach as gasheer vir die amptelike bekendstelling van die Blouvlagseisoen opgetree.

Onder die hooggeplaastes wat hierdie heuglike geleentheid bygewoon het, was raadslede Riana de Coning, Dudley Coetzee, Steven Fourie en Jacobus van Staden; areabestuurders Desmond Lakey, Anver Wyngaard, Buli Plaatjies-Mbane en Francois Myburgh; Blouvlagkoördineerder Lauren Rainbird; en Gansbaai-toerisme se bestuurder Glenda Kitley.

Die Blouvlagseisoen sal van 1 Desember 2022 tot 22 Januarie 2023 duur vir Castle, Hawston, Kleinmond en Onrus, met 'n verlengde seisoen tot 31 Maart 2023 vir Grotto.

Lewensredders en sekuriteitsdienste sal van 09:00 tot 18:00 daagliks vir die duur van die seisoen aan diens wees, terwyl mense met gestremdhede ook van die strandrolstoele by Grotto gebruik sal kan maak terwyl die lewensredders aan diens is.

Castle Beach het sy Blou Vlag vir die derde agtereenvolgende jaar gehys, Grotto vir die 22ste opeenvolgende keer, Onrus vir die tweede keer en beide Hawston en Kleinmond vir die 17de keer.

Dis onafwendbaar:

BEURTKRAG *GAAN* 'N IMPAK OP INFRASTRUKTUUR EN DIENSLEWERING HÊ

Beurtkrag het 'n impak op alles en almal, en Munisipaliteit Overstrand is geen uitsondering nie.

Soos te verwagte gaan die gebruiklike toestroming van inwoners na die gebied oor die vakansieseisoen ons water-en-sanitasie-infrastruktuur onder groter druk plaas: 'n Situasie wat vererger gaan word indien Eskom voortgaan om hoër vlakke van beurtkrag toe te pas waar elektrisiteitsvoorsiening vir tot so lank as 4,5 uur op 'n keer en vir tot 12 ure in 'n 24-uur-tydperk ontwrig word.

Wees gerus dat alles moontlik gedoen is om die impak teë te werk wat periodieke/verlengde ontwrigting van elektrisiteitsvoorsiening aan Overstrand se water-en-sanitasie-infrastruktuur dalk kan hê:

- Die meeste van die kritieke water- en afvalwateraanlegte is met bystandskragopwekkers toegerus en hierdie sal deurlopend van diesel voorsien en gemoniteer word om sover as moontlik moeitelose oorskakelings te bewerkstellig.
- Mobiele kragopwekkers/tenkers sal op 'n gereedheidsgrondslag wees om sensitiewe aanlegte te bedien indien nodig.
- Water- en afvalwaterpompe sal op 'n maksimum vlak ingespan word wanneer beurtkrag nie toegepas word nie.

Ongelukkig is alle aanlegte nog nie van kragopwekkers voorsien nie.

Gevolglik kan inwoners in sommige hoogliggende gebiede dalk tydelik 'n verlies aan waterdruk en selfs 'n onderbreking in watervoorsiening ervaar wanneer beurtkrag vir verlengde tydperke toegepas word.

Dit is omdat reservoirs dalk nie na behore kon hervul tussendeur beurtkragperiodes nie, of omdat die aanjaerpompe dalk nie tydens beurtkrag werk nie.

Die moontlikheid bestaan ook dat sommige rioolpompstasies wat nog nie met kragopwekkers toegerus is nie, riool kan stort wanneer beurtkrag vir verlengde tydperke toegepas word. Sou dit gebeur, sal waarskuwingstekens waar nodig aangebring word.

Ons doen 'n beroep op alle inwoners en besoekers om water spaarsaam te gebruik aangesien dit sal help om, eerstens, reservoirs se vlakke te handhaaf en, tweedens, die vloei van rioolwater te verlaag wat die las op rioolpompstasies sal verlig.

U samewerking in hierdie moeilike tye word hoog op prys gestel.

WEES ONS BIBLIOTEKARISSE GENADIG: HULLE IS ONDER BELEG

Biblioteke oral in die Wes-Kaap moes onlangs hul deure noodgedwonge vir 'n dag of twee sluit om te verifieer dat materiaal wat uitgeleen is, wel terugbesorg is sodat daardie materiaal weer terug op die rakke geplaas kon word – en hulle was geforseer om die hele proses handmatig te verrig.

Soos duidelik uit die stapels en stapels materiaal ter sprake blyk, was dit nogal 'n ontsagwekkende takie.

Ongelukkig is die haakplekkie waaronder provinsiale biblioteke se inligtingbestuurstelsel tans gebuk gaan, nog nie opgelos nie, wat beteken dat bibliotekarisse geen ander opsie het as om hulle op 'n "handmatige stelsel" te verlaat nie.

Derhalwe moet die strepieskode van elke item wat by die biblioteek uitgeneem word, neergeskryf word.

Dit beteken ook dat biblioteeklede 'n vorm sal moet invul elke keer wanneer hulle 'n boek wil uitneem.

Uiteraard, in 'n wêreld waaraan ons daaraan gewoond geraak het om goed uit te meld deur bloot 'n strepieskode te skandeer, kan dit nogal erg frustrerend wees om noodgedwonge weer van 'n handmatige stelsel gebruik te moet maak.

Die direkteur van biblioteekdienste in die Wes-Kaap, Cecilia Sani, het egter haar versekering gegee dat die probleme wat tans met die SLIMS-bediener ervaar word, dringende aandag geniet.

Wees asseblief intussen ons bibliotekarisse genadig: Dié sakie is buite hulle beheer.

Beoefen 'n bietjie geduld en hou in gedagte dat as hulle ooit 'n behoefte aan jul ondersteuning gehad het, dit juis nou is.

Mens kan natuurlik altyd die LIBBY-toepassing aflaai en 'n e-boek lees tot tyd en wyl die Wes-Kaapse biblioteekstelsel weer ten volle operasioneel is.